## 15 Julie — Genesis 1:26-30

### *As mens geskape tot verheerliking van God*

Wie is jy en waarheen is jy op pad? Wat is jou basiese behoefte? Wat is jou samestelling? Hoe het die Here jou gemaak? God het jou geskape as 'n beperkte wese met persoonlike behoeftes. Die basiese behoefte van elke mens is om homself as 'n waardevolle mens te sien. Dit is nie 'n gevoel nie maar 'n wete wat jy in Christus moet hê. Jy kan nie 'n pil daarvoor sluk nie; jy moet God op sy Woord neem. Waar 'n mens nie as waardevol gesien of gereken word nie veroorsaak dit opstand, geweld en aggressie in jou. Want jy voel nutteloos. Wat bring die verandering in jou lewe? Waar moet jy gaan hulp soek om koers, rigting en sin in jou lewe te kry? Draai na God jou Skepper toe. Alleen Jesus Christus kan jou werklik waarde gee. Slegs deur sy Gees kan jy waardevol word. God het 'n definitiewe taak vir jou. Net nadat Hy die mens geskape het, stel Hy hom aan as sy verteenwoordiger. Al is jy hoe gering in jou eie oë, God het jou aangestel en verwag resultate. Jy moet sy lig so laat skyn dat die mense jou Eienaar wat jy verteenwoordig, in jou kan raaksien.

Sing: Psalm 2:1, 2, 6 Ds. P.J. Vermeulen (Vanderbijlpark-Oos)